NG Gemeente Suidoos - Pretoria

Stellastraat 158 Waterkloof 0181
Tel 012 460 8570 Faks 086 480 7844
E-pos info@stellastraat.co.za
www.stellastraat.co.za

Liewe mede-Stellastrater,

Dit is weer tyd vir hierdie besondere Sondag in die lewe van die gemeente! Wat 'n ryk geskiedenis van offervaardigheid het die jaarlikse Dankfees nie? Wat 'n voorreg om in hierdie moeilike jaar, in die wêreld en in ons land, ook langs hierdie weg 'dankie' te sê!

Die 'dankfeeskoevert'.
Hierdie 'koevert' herinner aan Stellastraat se 3 in 1 viering op die laaste Sondag in Oktober. Ons vier saam as deel van die gereformeerde tradisie Hervormingsondag, ons vier Nagmaal, en ons bring ons spesiale jaarlikse dankfeesbydraes na die erediens. Dit is Stellastraat se derde grootste inkomstestroom. Die bediening in en deur die gemeente kan nie daarsonder nie! Vanjaar word hierdie 'koevert' elektronies by jou afgelewer. Omdat ons waarskynlik nog nie op Sondag 25 Oktober vol eredienste gaan hou nie, vra ons jou om elektronies dankie te sê en jou 'koevert' in te lewer.

Die inligtingstuk.
Die inligtingstuk, wat ook elektronies afgelewer word, verduidelik hoe belangrik ons elkeen se dankfeesbydrae is. In die dokument sal jy weer goeie insig kry oor die stand van Stellastraat se finansies. Ons is dankbaar vir die relatief goeie finansiële posisie waarin ons is! In die stuk sal jy kan sien waar ons fondse vandaan kom, en waarvoor dit aangewend word. Dit help veral ook met hoe elke Rand wat ons uit dankbaarheid offer, die koms van die Koninkryk van God in hierdie wêreld dien.

Gemeentes rondom die wêreld herontdek dat lidmaatskap so baie meer is as net erediensbywoning. Lidmate is mense wat uit God se genade leef, Hom ken, liefhet en dien – die drie werkwoorde van die vroeë kerk. Engelssprekende gereformeerde kerke, sê dikwels by die doop: (Naam) – jy is nou georden tot diens! Om vrywillig en soos moontlik dankoffers te gee, is deel van hierdie diens. Dankie dat jy ook langs hierdie weg dien! Die Kerkraad is diep bewus van die moeilike ekonomiese tyd waarin Suid-Afrika nou is, en van mense wat swaarkry. Dankie dat die gemeente waar binne jy aanbid, dien en vir jou diens toegerus word, jou nogtans kan nader vir 'n spesiale bydrae! Dankie vir jou omgee binne die geloofsgemeenskap waarvan jy deel is - Stellastraat!

James Kirkpatrick
Voorsitter van die kerkraad
082 852 7947

Ds Tienie Bosman
Stella straat 152
Waterkloof 0181
Tel 012 460 9555
Sel 083 627 5086
tienie@stellastraat.co.za

Ds Fay van Eeden
Lukas straat 505
Lukasrand 0181
Tel 012 460 8570
Sel 083 478 0854
fay@stellastraat.co.za

Dr James Kirkpatrick
Oakmont rylaan 86
Waterkloof 0181
Tel 012 460 8810
Sel 082 852 7947
james@stellastraat.co.za

Ds Anton Pienaar
19de straat 42
Menlopark 0081
Tel 012 460 2918
Sel 083 458 8712
anton@stellastraat.co.za